



NOTULE VAN 'N GEWONE VERGADERING VAN DIE UITVOERENDE BURGEMEESTERSKOMITEE GEHOU IN DIE BANKETSAAL, MALMESBURY OP WOENSDAG, 11 FEBRUARIE 2015 OM 11:00

TEENWOORDIG:

Uitvoerende Burgemeester, rdh T van Essen (voorsitter)
Uitvoerende Onderburgemeester, rdh M S I Goliath

Lede van die Burgemeesterskomitee:

Rdl M Rangasamy
Rdl R F van der Westhuizen
Rdl M van Zyl
Rdl W Wilskut

Ander raadslede:

Rdh N J A Rust
Rdl Y S Cox-Bruintjies

Beampes:

Munisipale Bestuurder, mnr J J Scholtz
Direkteur: Beskermingsdienste, mnr P A C Humphreys
Direkteur: Korporatiewe Dienste, me M S Terblanche
Direkteur: Elektriese Ingenieursdienste, mnr R du Toit
Direkteur: Finansiële Dienste, mnr K C Cooper
Direkteur: Ontwikkelingsdienste, mnr J T Steenkamp
Direkteur: Siviele Ingenieursdienste, mnr A J Botha
Bestuurder: Sekretariaat en Rekorddienste, me N Brand

1. OPENING

Rdl R F van der Westhuizen open die vergadering met gebed op versoek van die voorsitter.

2. VERLOF TOT AFWESIGHEID

Die komitee is voltallig.

3. VOORLEGGINGS/AFVAARDIGINGS/SPREEKBEURTE

Geen

4. NOTULES

4.1 NOTULE VAN 'N GEWONE UITVOERENDE BURGEMEESTERSKOMITEE-VERGADERING GEHOU OP 21 JANUARIE 2015

BESLUIT

Dat die notule van 'n Gewone Uitvoerende Burgemeesterskomiteevergadering gehou op 21 Januarie 2015 goedgekeur en deur die Burgemeester onderteken word.

4.2 NOTULE VAN 'N SPESIALE UITVOERENDE BURGEMEESTERSKOMITEEVERGADERING GEHOU OP 28 JANUARIE 2015

Besluit/...

4.2/...

BESLUIT

Dat die notule van 'n Spesiale Uitvoerende Burgemeesterskomiteevergadering gehou op 28 Januarie 2015 goedgekeur en deur die Burgemeester onderteken word.

5. OORWEGING VAN AANBEVELINGS EN SAKE VOORTSPRUITEND UIT DIE NOTULE**5.1 NOTULE VAN 'N PORTEFEULJEKOMITEEVERGADERING GEHOU OP 4 FEBRUARIE 2015****5.1.1 ADMINISTRASIE EN FINANSIES****BESLUIT**

Dat die Uitvoerende Burgemeester die aanbevelings in die betrokke notule bekragtig.

5.1.2 SIVIELE EN ELEKTRIESE DIENSTE**BESLUIT**

Dat die Uitvoerende Burgemeester die aanbevelings in die betrokke notule bekragtig.

5.1.3 ONTWIKKELING- EN BESKERMINGSDIENSTE**BESLUIT**

Dat die Uitvoerende Burgemeester die aanbevelings in die betrokke notule bekragtig, onderhewig aan die volgende toevoeging:

ITEM 8.1: SALGA: COMMUNITY DEVELOPMENT WERKGROEP: 12 NOVEMBER 2014 (17/2/2)

BESLUIT

(g) Dat die Departement: Ontwikkelingsdienste 'n Vroeë Kinderontwikkeling Strategieseplan, as uitvloeisel uit die Sosiale Ontwikkelingsbeleid en -Strategie formuleer, en dat die item vir moniteringsdoeleindes opgeneem word in die Prestasiebestuurstelsel.

6. SAKE VOORTSPRUITEND UIT DIE NOTULE VAN 21 JANUARIE 2015**6.1 ITEM 7.8: VOORGESTELDE VERHUURING VAN STOOR TE RIEBEEK-WES SKOUGRONDE (12/1/3/1-12/1)**

Die leë store agter die ou skougronde te Riebeek-Wes word uit-die-hand-uit aan *Group 35 Foods* (Edms) Bpk verhuur. Die huurtermyn verstryk op 28 Februarie 2015 en het die huurders aansoek gedoen om die gedeeltes stoor vir 'n verdere termyn van 12 maande te huur.

Die Uitvoerende Burgemeesterskomitee het op 21 Januarie 2015 versoek dat daar met *Good Hopes Rugbyklub* in gesprek getree word om moontlik die stoor as alternatief tot die stadsaal vir funksies te gebruik. Die gesprek het op 23 Januarie 2015 plaasgevind, en is daar bevind dat die gebruik van die stoor nie wenslik is nie.

BESLUIT

(a) Dat die leë store agter die ou skougronde te Riebeek-Wes uit die hand uit aan *Group 35 Foods* (Edms) Bpk verhuur word vir die stoor van toerusting, en wel op 'n maand tot maand basis vir 'n termyn (met ingang vanaf 1 Maart 2015) wat nie 12 maande oorskry nie;

6.1/...

- (b) Dat huurgeld vasgestel word op R1 505,00 plus BTW per maand wat 'n eskalasië van 6% op die huidige huurgeld verteenwoordig:
- (c) Dat die huurvoorwaardes soos tans van toepassing van krag sal bly.

7. NUWE SAKE

7.1 WYSIGINGS AAN DIE 2014/2015 DIENSLEWERINGS- EN BEGROTINGS-IMPLEMENTERINGSPLAN (SDBIP) (2/1/4/4/1)

Die 2014/2015 Dienslewerings- en Begrotingsimplementeringsplan (SDBIP) is reeds op 26 Junie 2014 deur die Uitvoerende Burgemeesterskomitee goedgekeur. Die onlangse goedkeuring van 'n Aansuiweringsbegroting het egter tot gevolg gehad dat die SDBIP dienoooreenkomstig aangepas moet word.

Die doel van die SDBIP is om die munisipale bestuur te ondersteun om diensleweringsteikens, sowel as die spandering van die kapitaalbegroting binne gegewe tydsraamwerke te bereik.

BESLUIT

Dat die gewysigde Dienslewering- en Begrotingimplementeringsplan (SDBIP) vir die 2014/2015 finansiële jaar in terme van artikel 54(1)(c) van die Wet op Munisipale Finansiële Bestuur (Wet 56 van 2003) goedgekeur word.

7.2 TASK POSEVALUERING (4/1/1/3/1)

'n Ooreenkoms is tussen SALGA en *Deloitte* aangegaan in terme waarvan Swartland Munisipaliteit deel moet vorm van die Weskus Distrik Posevalueringseenheid (JEU). *Deloitte* sal ingevolge die ooreenkoms nie meer betrokke wees by die posevaluering van individuele munisipaliteite nie.

Twee amptenare van Swartland Munisipaliteit, naamlik die Bestuurder: Menslike Hulpbronne (me S de Jongh) en die Menslike Hulpbronbeampte: Werwing en Keuring en Arbeidsverhoudinge (mnr D Carolus) het reeds die TASK posevalueringsopleiding ondergaan en sal ook op die JEU dien.

Die Memorandum van Ooreenkoms, sowel as die *Standard Operating Procedures* van die JEU van die Weskus is met die sakelys gesirkuleer.

BESLUIT

Dat die Uitvoerende Burgemeesterskomitee goedkeur dat die Munisipale Bestuurder die Memorandum van Ooreenkoms onderteken vir deelname aan die Weskus Distrik Posevalueringseenheid.

7.3 AANVAARDING VAN SPORTBELEID (17/9/2/B)

Die Sportbeleid het ten doel om riglyne daar te stel waarbinne munisipale sportfasiliteite gebruik word, ingesluit die tariewe wat gehef word.

Die beleid spreek ook sportontwikkeling aan, die daarstelling van sportforums, befondsing van sportontwikkeling en die rol van die Sportbeampte en/of koördineerder.

BESLUIT

Dat die item oorsaak tot die Uitvoerende Burgemeesterskomiteevergadering in Maart 2015 om komiteelede geleentheid te gee om die beleid in detail te bestudeer, aangesien die beleid eers met ingang van 1 Julie 2015 geïmplementeer moet word.

7.4 AANSOEK VAN “WP AQUATICS” OM DIE VLAK EEN SWEMKAMPIOENSKAPPE VANAF 27 TOT 29 MAART 2015 TE MALMESBURY AAN TE BIED (17/9/2/1/3)

'n Aansoek is vanaf WP Swem ontvang om die swembad te Malmesbury te gebruik vir die aanbied van die Vlak 1 (Level 1) streekskampioenskappe vanaf Vrydag, 27 Maart tot Sondag, 29 Maart 2015.

In die skrywe word melding gemaak dat agt streke aan die byeenkoms sal deelneem, met ongeveer 300 swimmers. Daar word ongeveer 900 besoekers en beamptes by die kampioenskappe verwag.

Mnr John Lawson van die “LED Maturity Assessment”-faam het bevestig dat hierdie byeenkoms groot ekonomiese voordele vir die streek inhou van tot R1000/swemmer.

Hierdie ekonomiese inspuiting moet opgeweeg word teen, onder andere die versoek van die gratis gebruik van die fasiliteit vir die drie dae.

BESLUIT

- (a) Dat goedkeuring verleen word vir die gratis gebruik van die Malmesbury swembad vanaf 26 Maart 2015 tot 29 Maart 2015 vir die aanbied van die Vlak 1 swemkampioenskappe;
- (b) Dat daar eweneens goedkeuring verleen word vir die beskikbaar maak van die volgende hulpdienste:
 - (i) netjies maak van die parkeerarea en park, sowel as die uitmerk van parkeerplekke;
 - (ii) die inhuur van vier addisionele mobiele toilette vir die drie dae, welke uitgawe teen posnr 59-76-52-00-1708 of 59-76-52-00-1724 verreken sal word;
 - (iii) aanwending van reserviste vir parkeeraanwysings en verkeerbeheer in spitsyd sowel as deurlopende sigbaarheid ten aansien van veiligheid;
 - (iv) dat Swartland Munisipaliteit se mobiele paviljoene beskikbaar gemaak word en dat 'n ingenieursverslag ten aansien van veiligheid deur die Direkteur: Siviele Ingenieursdienste gereël sal word;
 - (v) dat die Elektriese Departement versoek word om behulpsaam te wees met die skuif van die paviljoene, hetsy eie paviljoene of dié van skole;
 - (vi) dat addisionele skoonmakers – op kontrak – vir die drie dae ingehuur word, maar dat die inhuur ook as EPWP geregistreer en geëis word, terwyl die uitgawe teen die kontrakpos verreken sal word;
 - (vii) dat SASKO versoek word om hulle gazebo's beskikbaar te maak ten einde maksimum koelte te skep;
 - (viii) dat daar aansoek gedoen word by Minister Meyer om Provinsie se multi-media bus vir die geleentheid te benut;
 - (ix) dat indien nodig – na oorleg met WP Swem – daar ook een sekuriteitsbeampte (deur die nag) – geplaas word vir die aande van 26, 27, 28 en 29 Maart 2015, welke uitgawe ook teen 'n posnommer soos deur die Munisipale Bestuurder besluit verreken sal word.

7.5 OPENBARE VEILINGS VIR VERVREEMDING VAN ONROERENDE MUNISIPALE EIENDOMME (13/4/3/1)

Die Raad het op 29 November 2014 goedkeuring verleen vir die vervreemding van talle onroerende munisipale eiendomme by wyse van 'n openbare veiling.

Die volgende besonderhede insake die veilig is in oorleg met die afslaer gefinaliseer:

- Woning geleë te Piet Retiefstraat 24, Malmesbury, asook twee erwe in Amandelrugstraat: Veiling vind op perseel (by woning) plaas op **Vrydag, 27 Februarie 2015 om 10:00**. Die veiling word vroeër gehou as die veiling van erwe, aangesien die woning onder vandale deurloop. 'n Bepaling is ook in die verkoopvoorwaardes ingebring dat die koper okkupasie neem (en alle risiko op hom oorgaan) sodra sy aanbod deur die Uitvoerende Burgemeesterskomitee aanvaar word;
- Dalsig-erwe (21), Newclaire-erwe (23) en Tafelzicht-erwe (3): **Saterdag, 21 Maart 2015 om 10:00** in die Banketsaal, Malmesbury;
- 'Pre launch' van erwe vir behuising in Moorreesburg: 'n Datum moet hier nog bepaal word vir die hou van die veiling in Moorreesburg.

BESLUIT

Dat kennis geneem word van die veilingdatums vir die verkope van munisipale onroerende eiendomme, soos hierbo vermeld.

7.6 VERVREEMDING VAN ERF 5520, GEDEELTE VAN ERF 1133, MOORREESBURG: BEPALING VAN RESERWEPRYS (12/2/B)

Die Raad het op 29 November 2014 geodkeuring verleen vir die vra van tenders met ontwikkelingsvoorstelle vir die vervreemding van gedeelte (groot ±5.3 ha) van erf 1133, Moorreesburg.

Daar is opdrag aan die Munisipale Bestuurder gegee om 'n reserweprys vas te stel vir bekragtiging deur die Uitvoerende Burgemeesterskomitee. Die Munisipale Bestuurder is ook volmag verlee om te besin of die bodproses 'n een- of twee-fase bodproses moet behels.

Die uitleg van die betrokke gedeelte grond het intussen gewysig en die totale erfoppervlakte van die nuut geskepte erf (nou erf 5520) beloop 5.4480 ha.

Die grond is tans ongediens, en is dit die voorneme om die voornemende koper in die tenderspesifikasies vir die installasie van siviele en elektriese dienste-infrastruktuur op sy eie koste verantwoordelik te stel. Daar sal ook van die koper verwag word om op eie koste aan die *Moorreesburg Industrial Development Design Guidelines* te moet voldoen, bv. aanbring van heinings, landskapering, ens. wat addisionele uitgawes vir die koper teweeg sal bring.

Al hierdie faktore moet dus in ag geneem word met die bepaling van 'n reserweprys.

BESLUIT

- (a) Dat 'n bedrag van R300 000,00, BTW uitgesluit as die reserweprys vir erf 5520, gedeelte van erf 1133, Moorreesburg bekragtig word;
- (b) Dat kennis geneem word dat die Munisipale Bestuurder besluit het dat 'n tweefase-bodproses met die vra van tenders en ontwikkelingsvoorstelle gevolg sal word;
- (c) Dat rdh T van Essen, rdl M van Zyl en rdl M Rangasamy aangewys word tot die komitee wat die ontwikkelingsvoorstelle sal oorweeg.

7.7 VERHUUR VAN KAMPE: MEENTGROND, DARLING (12/2/4-3/1)

Die kontrakte t.o.v. die huur van kampe 2 tot 6, wat deel uitmaak van die ±261 ha meentgrond te Darling, verstryk op 28 Februarie 2015. Gemelde kontrakte het vir 'n termyn van drie jaar geloop.

Die verhuring van die kampe word by wyse van 'n openbare veiling hanteer en het die veiling op 3 Februarie 2015 plaasgevind.

BESLUIT

- (a) Dat goedkeuring verleen word dat huurooreenkomste aangegaan word met die hoogste bidders t.o.v. kampe 2 en 4, Darling, vir 'n termyn van drie (3) jaar m.i.v. 1 Maart 2015:

<u>Kamp nr.</u>	<u>Huurder</u>	<u>Bedrag per jaar</u>
2 (Groot 19.6 hektaar)	Mnr JW Thomas Durbanstraat 77 Darling, 7345	R5 500.00
4 (Groot 41.3 hektaar)	Mnr VRG Cloete Somersetsirkel 27 Darling, 7345	R17 200.00

- (b) Dat kennis geneem word dat geen aanbod vir kampe 3, 5 en 6 verkry kon word nie;
- (c) Dat die Munisipale Bestuurder met volmag bekleed word om, indien enige aanbod vir die huur van laasgenoemde drie kampe ontvang word, die uit-die-hand verhuring te magtig, aangesien 'n publieke mededingingsproses reeds deurloop is.

7.8 RIOOLSUIWERINGSAANLEGTE: VOLDOENING AAN KONSEP REGULASIE 17 VAN 2011 VAN DIE WATERDIENSTE WET (WET NO 108 VAN 1997) (16/3/1/5)

Die konsep regulasie (Regulasie 17, ingevolge artikel 9(1)(e) en (f) van die Waterdienste Wet, Wet 108 van 1997) is deur die Minister afgekondig ten einde vereistes te stel vir die klassifikasie van riool- en watersuiweringsaanlegte, sowel as vir die klassifikasie van die operateurs wat die aanlegte moet bedryf.

Die onderskeie klassifikasies van die rioolaanlegte in die Swartland munisipale gebied is deur die Direkteur: Siviele Ingenieursdienste gedoen en tot die verslag voorgelê.

BESLUIT

- (a) Dat daar kennis geneem word van die inhoudelike van die verslag met inbegrip van die klassifikasie van die onderskeie rioolwerke van Swartland Munisipaliteit;
- (b) Dat ten spyte van die voorskrifte van die konsep Regulasie 17 t.o.v. die rioolwerke van Malmesbury, Moorreesburg, Darling en die toekomstige Riebeek Kasteel rioolwerke, daar weens die finansiële onvermoë en kapasiteit van personeel nie 'n 24 uur/7 dae per week skofstelsel bedryf word nie weens die volgende redes:
- (i) die rioolwerke soos wat dit tans bedryf word, presteer goed en hou nie 'n hoë risiko in nie;
 - (ii) daar is deurentyd operateurs op bystand wat diens verrig, soos en wanneer nodig, en is dit nie koste doeltreffend om operateurs 24 uur aan diens te hê nie, en verder kan die rioolwerke elektronies vanaf enige plek bedryf word;

7.8/...

- (iii) die gebrek aan finansiële vermoë aan die een kant, maar die begerigheid om aan die regulasies te voldoen aan die anderkant, word weerspieël in die Siviele Dienste Departement se organisasie-struktuur deurdat die onderskeie poste geskep is, maar nog nie befonds is nie, welke situasie op 'n jaar tot jaar basis oorweeg word;
- (c) Dat daar kennis geneem word dat alhoewel daar nie voltydse operateurs by Koringberg, Kalbaskraal en Chatsworth aanwesig is nie, operateurs wel ingevolge die Swartland Munisipaliteit se organigram en posbeskrywings verantwoordelik is vir die onderskeie werke;
- (d) Dat, voormelde pro-aktiewe handelinge met spesifieke verwysing na die minimum konsep voorgeskrewe prosedures gedoen is, om gereed te wees wanneer die regulasies afgekondig word.

7.9 AFWYKING VAN VOORGESKREWE VERKRYGINGSPROSEDURES: VOORSIEN EN INSTALLERING VAN POMP, KALBASKRAAL POMPSTASIE (16/3/1/5)

Die uitleg van die Kalbaskraal aanjaagpompstasie is gewysig om die twee bestaande 11kW pompstelle gelyk te laat loop om die lewering aan die Riverlands aanjaagpompstasie te verhoog. Hierdie wysiging was noodsaaklik om te voldoen aan die verhoogde aanvraag na water, wat ondermeer toegeskryf kan word aan die aantal nuwe verbruikers wat onlangs informeel in Chatsworth gevestig het.

Dit blyk egter dat dit nie werkbaar is nie deurdat die pompe met die verhoogde onttrekking kaviteer en dan skade opdoen. Dit was dus noodsaaklik om 'n groter pompstel wat in die verhoogde aanvraag kan voorsien, te installeer.

BESLUIT

- (a) Dat daar van die voorgeskrewe verkrygingsprosesse afgewyk word vir die voorsien en installasie van 'n 22kW pompstel by die Kalbaskraal aanjaagpompstasie en wel om die volgende rede:
Dat die herstelwerk as 'n noodgeval uitgevoer moes word ten einde deurlopende watervoorsiening aan Riverlands en Chatsworth te verseker;
- (b) Dat kennis geneem word dat uit hoofde van voormelde rede die Waarnemende Munisipale Bestuurder goedkeuring verleen het vir die voorsien en installasie van 'n 22kW pompstel by die Kalbaskraal aanjaagpompstasie en dat die werk uitgevoer was deur Tricom Africa vir die bedrag van R85 678.00 (BTW uitgesluit);
- (c) Dat kennis geneem word dat dit 'n kapitale uitgawe is waarvoor daar nie voorsiening gemaak is in die 2014/2015 kapitaalbegroting nie en dat daar voorsiening gemaak moet word hiervoor in die 2014/2015 aansuiweringsbegroting teen posnommer 76-20-189-0332-0;
- (d) Dat die handeling van die Waarnemende Munisipale Bestuurder dienooreenkomstig gekondoneer word;
- (e) Dat die Bestuurder: Finansiële State en Beheer in terme van klousule 36(2) van die Voorsieningskanaalbestuursbeleid opdrag gegee word om gemelde redes as nota by die finansiële state in te sluit, wanneer die betrokke state opgestel word.

7.10 AFWYKING VAN VOORGESKREWE VERKRYGINGSPROSEDURES: UNIVERSITEIT STELLENBOSCH (SKOOL VIR PUBLIEKE LEIERSKAP) AS DIENSVERSKAFFER VIR AANBIEDING VAN DIE MINIMUM VAARDIGHEIDSVLAKKE KURSUS (MFMP) – GROEP 6 (8/2/1/B)

Die *Municipal Finance Management Programme* vir Groep 6 word tans aangebied deur die Skool vir Publieke Leierskap verbonde aan die Universiteit van Stellenbosch.

7.10/...

Daar is alreeds vyf groepe in die streek wat die MFMP kursus voltooi het ten einde te voldoen aan Regulasie 493 van die MFMA t.o.v. minimum vaardighedsvlakke.

BESLUIT

- (a) Dat kennis geneem word van die optrede van die Munisipale Bestuurder om 'n afwyking van die voorgeskrewe verkrygingsprosedures te magtig ten einde die Universiteit van Stellenbosch (Skool vir Publieke Leierskap) aan te stel vir die opleiding van beamptes in die Munisipale Finansiële Bestuursprogram, en dit as sulks gekondoneer word;
- (b) Dat kennis geneem word dat daar na behore teen sowel posnommer 11-40-52-00-0950 (opleidingsbegroting) en posnommer 11-40-52-00-0950 (Kapasiteitsboutoekenning) vir die uitgawes in hierdie geval begroot is ten bedrae van R292 000 in totaal;
- (c) Dat die Bestuurder: Finansiële State en Beheer, mnr C Gerber, in terme van klousule 36(2) van die Voorsieningskanaalbestuursbeleid opdrag gegee word om die gemelde redes as nota by die betrokke finansiële state in te sluit wanneer dit opgestel word.

7.11 UITSTAANDE DEBITEURE: JANUARIE 2015 (5/7/1/1)

'n Volledige verslag van die stand van uitstaande debiteure is met die sakelys gesirkuleer.

Die Direkteur: Finansiële Dienste meld dat die *Aqua-Loc* Waterbeheerstelsel met ingang van April 2015 by die nuwe Abbotsdale Behuisingsprojek geïmplementeer sal word en dat dit aan 'n toetstydperk onderwerp sal word. Gedurende hierdie toetstydperk sal daar verslag aan die Uitvoerende Burgemeesterskomitee gedoen word om die doeltreffendheid van die stelsel te bepaal deur, hopelik, 'n afname in waterverliese te laat realiseer.

BESLUIT

Dat kennis geneem word van die verslag aangaande die stand van uitstaande debiteure vir die maand van Januarie 2015.

7.12 UITSTAANDE VERSEKERINGSEISE (5/14/3/5)

Ingevolge die Batebestuursbeleid moet maandeliks verslag gedoen word insake die uitstaande versekeringseise.

BESLUIT

- (a) Dat kennis geneem word van die stand van uitstaande versekeringseise soos met die sakelys gesirkuleer;
- (b) Dat, indien lugversorgers geïnstalleer word of waar daar diefstal was en lugversorgers herstel moet word, dit buite bereik van die publiek geplaas word om verdere diefstal te voorkom.

7.13 VERSLAG VAN BATES WAT VERWYDER MOET WORD VANAF BATE REGISTER (5/14/3/5)

Met die jaarlikse bate-opname wat vanaf September 2014 tot Januarie 2015 plaasgevind het, kon daar slegs 12 items nie opgespoor word nie, a.g.v. die redes soos gemeld in die verslag.

Die opname dui daarop dat amptenare verantwoordelikheid neem vir die beskerming van bates en dat doeltreffende batebestuurstelsels in plek is.

7.13/...

Die Uitvoerende Burgemeester doen 'n beroep op die Munisipale Bestuurder om die betrokke amptenare te bedank vir die goeie werk wat gedoen word in die bestuur van die Munisipaliteit se bates.

BESLUIT

- (a) Dat goedkeuring verleen word dat roerende bates ten bedrae van R10 697,25 vanaf die bateregister verwyder word;
- (b) Dat kennis geneem word dat daar geen verlore items vir die periode was nie, behalwe die, met redes, soos vermeld in die verslag.

7.14 ARGITEKTONIESE ONTWERPSHANDLEIDING VIR DIE KLIPFONTEIN ONTWIKKELING, MALMESBURY (15/3/6-11) (WYK 12)

Die hersonering en onderverdeling van die Klipfontein ontwikkeling is op 11 Augustus 2011 goedgekeur. Daarna is die grondwet van die huiseienaarsvereniging van die Fonteine Village aftree-oord op 15 Oktober 2014 goedgekeur.

Die Argitektoniese Ontwerpshandeling is ontvang en deeglik nagegaan deur die Afdeling: Beplanning en word dit in orde beskou.

BESLUIT

Dat die Argitektoniese Ontwerpshandleiding van die Klipfontein ontwikkeling, Malmesbury ingevolge artikel 29 van Ordonnansie 15 van 1985 goedgekeur word.

7.15 VOORGESTELDE HERSONERING EN ONDERVERDELING VAN RESTANT PLAAS 696, AFDELING MALMESBURY EN ERWE 2654, 9215, 327, MALMESBURY (SWARTLAND STREEKWINKELSENTRUM)

'n Aansoek vir die ontwikkeling van 'n Swartland Streekwinkelsentrum is reeds in 2008 hanteer, en die omgewingsgoedkeuring is in 2013 ontvang.

Sedert 2008 het die terreinontwikkelingsplan van die voorgestelde streekwinkelsentrum verander, maar voldoen dit steeds aan die beginsels van die omgewingsgoedkeuring van Mei 2013. Die aansoek is ook aangepas ten einde aan die voorskrifte van die nuwe Swartland Geïntegreerde Soneringskema regulasies te voldoen.

'n Aansoek om hersonering en onderverdeling is gevolglik weer deur die ontwikkelaar, *Kingsgate Holdings Pty Ltd* (Gerry Rehrl) ingedien vir oorweging.

Die streekwinkelsentrum ontwikkeling sal faseer word in 5 fases, naamlik:

- Fase 1 (±10,76ha) : Streekwinkelsentrum, parkering en oopruimte korridor;
- Fase 2 (3,55ha) : Uitbreiding van die streekwinkelsentrum op markaanvraag en parkering;
- Fase 3 (2,24ha) : Lewenstylsentrum en parkering
- Fase 4 (5,65ha) : Gemengde kommersiële, kantore en woonstelle gebruike en parkering. Hierdie fase sal ontwikkel volgens die markaanvraag;
- Fase 5 (±1,05ha) : Gemengde kommersiële, kantore en woonstelle gebruike en parkering. Hierdie fase sal ontwikkel volgens die mark aanvraag.

BESLUIT

- A** Dat die aansoek vir die hersonering van die konsolideerde gedeeltes van 'n gedeelte van gedeelte 3 van die plaas Tweefontein no 696, Afdeling Malmesbury (±10,48ha), erf 2654 (±10,3ha), 'n gedeelte van erf 9215 (±1336m²), 'n gedeelte van erf 327 (±1,27ha), 'n gedeelte van erf 4834 (±820m²)

7.15(A)/...

en 'n gedeelte van erf 10065 ($\pm 46\text{m}^2$), Malmesbury (konsolideerde grootte van $\pm 23,33\text{ha}$), goedgekeur word ingevolge artikel 16(1) van Ordonnansie 15 van 1985, vanaf onderskeidelik landbousone 1, oopruimtesone 2, gemeenskapsone 1, vervoersone 2 en owerheidsone 1 na onderverdelingsgebied ten einde die volgende grondgebruike te akkommodeer, naamlik:

Paaie: Vervoersone 2

Openbare oopruimtes : Oopruimtesone 1

Algemene sake : Sakeperseel, woonstelle, kantore, kantoorpark, restaurant, diensbedryf en openbare parking – Sakesone 1

B Dat die aansoek vir die onderverdeling van die betrokke gedeeltes grond ingevolge artikel 25(1) van Ordonnansie 15 van 1985, goedgekeur word soos volg:

- Gedeelte 3 van plaas Tweefontein no 696, Afdeling Malmesbury – 'n restant ($\pm 449\text{ha}$) en nuutgeskepte gedeelte ($\pm 10,48\text{ha}$)
- Erf 9215 – 'n restant ($\pm 1,05\text{ha}$) en nuutgeskepte gedeelte ($\pm 1336\text{m}^2$)
- Erf 327 – 'n restant en nuutgeskepte gedeelte ($\pm 1,27\text{ha}$)
- Erf 4834 – 'n restant ($\pm 2046\text{m}^2$) en nuutgeskepte gedeelte ($\pm 820\text{m}^2$)
- Erf 10065 – 'n restant ($\pm 183\text{m}^2$) en nuutgeskepte gedeelte ($\pm 46\text{m}^2$).

C Dat punte A en B hierbo onderhewig is aan die volgende voorwaardes:

C1 STADSBEPLANNING EN BOUBEHEER

- (a) dat die nuutgeskepte erwe soos bepaal in B konsolideer en weer onderverdeel word ooreenkomstig die fases (Sien plan gemerk "G");
- (b) dat die toepaslike bouplanne aan die Direkteur: Ontwikkelingsdienste vir oorweging voorgelê word. Sodanige bouplanne moet voldoen aan die beginsels en spesialis insette in die argitektuur van die voorgestelde gebouekompleks soos vervat op die terreinuitlegplanne, gemerk "J"- "J5";
- (c) dat op-perseel parking voorsien word soos voorgehou op die terreinontwikkelingsplan en ook voldoen aan die soneringskemaregulasies parameters;
- (d) dat die parkeerplekke voorsien word van 'n permanente stofvrye oppervlakte hetsy teer, beton of plaveisel of 'n aterial vooraf goedgekeur deur Swartland Munisipaliteit voorsien word en dit moet duidelik gemerk word;
- (e) dat die betrokke grondtransaksies tussen Swartland Munisipaliteit en die eienaar/ontwikkelaar voltooi word alvorens enige okkupasie van die grond oorweeg word;
- (f) dat hierdie Munisiapliteit die betrokke gedeelte van erf 327, groot $\pm 1,27\text{ha}$ teen markwaarde aan die eienaar/ontwikkelaar verkoop, welke besluit eers deur die Raad geneem sal word, wanneer die ontwikkelaar bewys van eienaarskap voorlê van die ander eiendom soos na verwys in paragraaf B;
- (g) dat die grondtransaksies tussen die eienaar/ontwikkelaar en betrokke ander eienaars finaliseer word alvorens bouplangoedkeuring en/of uitklaring gegee word en bewyse gelewer word;
- (h) dat die nodige aansoek vir die vertoning van 'n advertensieteken by die Direkteur: Ontwikkelingsdienste gedoen word;
- (i) dat die eienaar/ontwikkelaar hierdie munisipaliteit skriftelik in kennis stel wanneer daar uitvoering aan die voorwaardes gegee is;
- (j) dat geen fase ooreenkomstig artikel 31 van Ordonnansie 15/1985 vir uitklaring gemagtig sal word, indien die toepaslike voorwaardes nie nagekom is nie;
- (k) dat – op versoek van die Uitvoerende Burgemeester – kennis geneem word van die regspraak in die saak, *City of Cape Town v Arun Property*, ten opsigte van die gratis oornome van dienste, waar van toepassing, deur Swartland Munisipaliteit;

7.15/...

C2 RIOOL**C2.1 Interne netwerk**

- (a) Dat die ontwikkeling moet van 'n interne rioolverspreidingsnetwerk voorsien word. Hiervoor moet die ontwikkelaar 'n ingenieur toepaslik geregistreer ingevolge die bepalings van Wet 46 van 2000 aanstel om die rioolnetwerk te ontwerp. Die ontwerp moet aan die Direkteur: Siviele Ingenieursdienste vir goedkeuring voorgelê word waarna die konstruksiewerk onder die toesig van die ingenieur uitgevoer moet word;
- (b) dat die interne rioolverspreidingsnetwerk deur die Munisipaliteit oorgeneem word;

C2.2 Eksterne netwerk

- (a) Fase 1

Die netwerkanalise dui aan dat daar vir die eerste fase van die ontwikkeling kapasiteit in die bestaande netwerk beskikbaar is om die afloop te hanteer. Die interne verspreidingsnetwerk moet op 'n geskikte plek aan die bestaande netwerk gekoppel word. Die ontwikkelaar moet 'n ingenieur toepaslik geregistreer ingevolge die bepalings van Wet 46 van 2000 aanstel om die aansluiting by die bestaande netwerk te ontwerp. Die ontwerp moet aan die Direkteur: Siviele Ingenieursdienste vir goedkeuring voorgelê word waarna die konstruksiewerk onder die toesig van die ingenieur uitgevoer moet word;

- (b) Fase 2 tot 5

Die netwerkanalise dui aan dat daar nie voldoende kapasiteit in die bestaande netwerk beskikbaar is om die fase 2 tot 5 uitbreidings van die ontwikkeling se afloop te akkomodeer nie. Meesterplan items MAS1.1 en MAS1.2 moet aangebring word voordat enige afloop van die fase 2 tot 5 uitbreidings van die ontwikkeling in die bestaande netwerk gestort word. Hiervoor moet die ontwikkelaar 'n ingenieur toepaslik geregistreer ingevolge die bepalings van Wet 46 van 2000 aanstel om opgradering aan die eksterne rioolnetwerk te ontwerp. Die ontwerp moet aan die Direkteur: Siviele Ingenieursdienste vir goedkeuring voorgelê word waarna die konstruksiewerk onder die toesig van die ingenieur uitgevoer moet word;

C2.3 Vaste kapitaalbydraes

- (a) Die aansoek verstrek nie voldoende inligting ten opsigte van fase 3 tot fase 5 om die berekening van vaste kapitaalbydraes moontlik te maak nie. Vaste kapitaalbydraes is dus net bereken vir fase 1 en fase 2:

	Fase 1	Fase 2
Rioolverspreiding	R 118 530.00	R 79 020.00
Riolsuiwering	R 461 160.00	R 307 440.00

Vaste kapitaalbydraes vir Rioolverspreiding is aftrekbaar van die aanbring van meesterplan items MAS1.1 en MAS1.2.

(Die vastekoste vir die oorblywende fases sal later bepaal word wanneer die detail beskikbaar is om die berekening te maak en moet daar ten opsigte hiervan 'n ooreenkoms aangegaan word tussen die ontwikkelaar en Swartland Munisipaliteit en is eersgenoemde verantwoordelik vir die uitgawe vir die opstel van die ooreenkoms)

7.15/...

C3 WATER**C3.1 Interne netwerk**

- (a) die ontwikkeling moet van 'n interne waterspreidingsnetwerk voorsien word. Die ontwikkelaar moet 'n ingenieur toepaslik geregistreer ingevolge die bepalings van Wet 46 van 2000 aanstel om die waternetwerk te ontwerp. Die ontwerp moet aan die Direkteur: Siviele Ingenieursdienste vir goedkeuring voorgelê word waarna die konstruksiewerk onder die toesig van die ingenieur uitgevoer moet word;
- (b) dat die interne waterspreidingsnetwerk deur die Munisipaliteit oorgeneem word;

C3.2 Eksterne netwerk

- (a) Fase 1

Daar is voldoende kapasiteit in die bestaande netwerk en reservoiers om die eerste fase van die ontwikkeling van die waterdienste te kan voorsien. Die ontwikkeling moet aansluit by die Panorama reservoier en die nodige aanjaagpompe moet as deel van die aansluiting aangebring word. Hiervoor moet die ontwikkelaar 'n ingenieur toepaslik geregistreer ingevolge die bepalings van Wet 46 van 2000 aanstel. Die ontwerp moet aan die Direkteur: Siviele Ingenieursdienste vir goedkeuring voorgelê word waarna die konstruksiewerk onder die toesig van die ingenieur uitgevoer moet word.

Die aanjaagpompe sal nie deur die munisipaliteit oorgeneem word nie;

- (b) Fase 2 tot 5

Dat die ontwikkeling van 'n aansluiting voorsien word van die Glen Lilly reservoiers. Hiervoor moet die ontwikkelaar 'n ingenieur toepaslik geregistreer ingevolge die bepalings van Wet 46 van 2000 aanstel. Die ontwerp moet aan die Direkteur: Siviele Ingenieursdienste vir goedkeuring voorgelê word waarna die konstruksiewerk onder die toesig van die ingenieur uitgevoer moet word;

C3.3 Weskus Distriksmunisipaliteit Pype

- (a) Die bestaande pyplyn wat die Mount Royal Reservoir van water voorsien moet saam met die uitbreiding van fase 1 van die ontwikkeling verskuif word en die bestaande pype wat vir Darling en Yzerfontein van water voorsien, moet verskuif word saam met die uitbreiding van fase 2 van die ontwikkeling. Voormelde verskuiwing moet gedoen word ooreenkomstig die goedkeuring van die Weskus Distriksmunisipaliteit. Hiervoor moet die ontwikkelaar 'n ingenieur toepaslik geregistreer ingevolge die bepalings van Wet 46 van 2000 aanstel. Die ontwerp moet aan die Direkteur: Siviele Ingenieursdienste vir goedkeuring voorgelê word waarna die konstruksiewerk onder die toesig van die ingenieur uitgevoer moet word;

C3.4 Vaste Kapitaalbydraes

- (a) Die aansoek verstrek nie voldoende inligting ten opsigte van fase 3 tot fase 5 om die berekening van vaste kapitaalbydraes moontlik te maak nie. Vaste kapitaalbydraes is dus net bereken vir fase 1 en fase 2:

7.15(C3.4)(a)/...

	Fase 1	Fase 2
Grootmaat verspreiding	R 338 580.00	R 225 720.00
Grootmaat voorsiening	R 461 160.00	R 307 440.00

(Die vastekoste vir die oorblywende fases sal later bepaal word wanneer die detail beskikbaar is om die berekening te maak en moet daar ten opsigte hiervan 'n ooreenkoms aangegaan word tussen die ontwikkelaar en Swartland Munisipaliteit en is eersgenoemde verantwoordelik vir die uitgawe vir die opstel van die ooreenkoms);

Vaste kapitaalbydraes vir grootmaat verspreiding is aftrekbaar van die aansluiting met die Glen Lilly reservoir;

C4 STRATE

C4.1 Interne Strate

- (a) dat die interne strate en parkeerareas gebou word tot 'n permanente oppervlak standaard. Die ontwikkelaar moet 'n ingenieur toepaslik geregistreer ingevolge die bepalings van Wet 46 van 2000 aanstel om die interne strate en parkeerareas te ontwerp. Die ontwerp moet aan die Direkteur: Siviele Ingenieursdienste vir goedkeuring voorgelê word waarna die konstruksiewerk onder die toesig van die ingenieur uitgevoer moet word;
- (b) dat interne strate van die ontwikkeling wat nie beperk word deur toegangbeheer nie deur die Munisipaliteit oorgeneem word;
- (c) dat toegang tot erf 9215 deur die eienaar/ontwikkelaar ten alle tye voorsien word en toeganklik sal wees;

C4.2 Eksterne Strate

Die aanbevelings van die vervoerimpakstudie van ITS Raadgewende Ingenieurs moet as volg implementeer word:

(a) Fase 1

Voorsien 'n twee laan verkeersirkel in Voortrekkerstraat en die skakel vanaf die verkeersirkel met die ontwikkeling. Hiervoor moet die ontwikkelaar 'n ingenieur toepaslik geregistreer ingevolge die bepalings van Wet 46 van 2000 aanstel. Die ontwerp moet aan die Direkteur: Siviele Ingenieursdienste vir goedkeuring voorgelê word waarna die konstruksiewerk onder die toesig van die ingenieur uitgevoer moet word;

(b) Fase 2 tot 5

Voorsien 'n skakel tussen die ontwikkeling en Piketbergweg en gradeer die Voortrekkerweg/N7 wisselaar op. Onderneem 'n nuwe impakstudie vir voetgangerverkeer wat die opgradering van die Darlingweg/N7 in ag neem en implementeer die aanbevelings. Hiervoor moet die ontwikkelaar 'n ingenieur toepaslik geregistreer ingevolge die bepalings van Wet 46 van 2000 aanstel. Die ontwerp moet aan die Direkteur: Siviele Ingenieursdienste vir goedkeuring voorgelê word waarna die konstruksiewerk onder die toesig van die ingenieur uitgevoer moet word;

C4.3/...

7.15/...

C4.3 Vaste Kapitaalbydraes

Die aansoek verstrek nie voldoende inligting ten opsigte van fase 3 tot fase 5 om die berekening van vaste kapitaalbydraes moontlik te maak nie. Vaste kapitaalbydraes is dus net bereken vir fase 1 en fase 2:

	Fase 1	Fase 2
Eksterne Strate	R 10 465 200.00	R 6 976 800.00

(Die vastekoste vir die oorblywende fases sal later bepaal word wanneer die detail beskikbaar is om die berekening te maak en moet daar ten opsigte hiervan 'n ooreenkoms aangegaan word tussen die ontwikkelaar en Swartland Munisipaliteit en is eersgenoemde verantwoordelik vir die uitgawe vir die opstel van die ooreenkoms)

Vaste kapitaalbydraes vir eksterne strate is aftrekbaar van die opgradering van eksterne paaie soos bo vermeld in C3.2.

C5 **STORMWATER****C5.1** Interne Stormwater

- (a) Die ontwikkeling moet voorsien word van 'n ondergrondse stormwaterafvoerstel en die stelsel moet so ontwerp word dat dit voor en na ontwikkeling afloop dieselfde is. Hiervoor moet die ontwikkelaar 'n ingenieur toepaslik geregistreer ingevolge die bepalings van Wet 46 van 2000 aanstel. Die ontwerp moet aan die Direkteur: Siviele Ingenieursdienste vir goedkeuring voorgelê word waarna die konstruksiewerk onder die toesig van die ingenieur uitgevoer moet word;
- (b) slegs die stormwaterstelsels wat grens aan paaie waarvan die toegang nie beheer word nie sal deur die Munisipaliteit oorgeneem word;

C5.2 Eksterne Stormwater

- (a) Fase 1

Geen addisionele afloop word ontvang in bestaande stelsels nie, retensiestrukture moet binne die ontwikkeling voorsien word en vorm deel van die interne stormwaternetwerk.

- (b) Fase 2 tot 5

Voorsien 'n retensiestruktuur voor die inlaat na die kanaal in die omgewing aan die westekant van Hoërskool Swartland om te voorsien dat die voor en na ontwikkeling afloop dieselfde is. Hiervoor moet die ontwikkelaar 'n ingenieur toepaslik geregistreer ingevolge die bepalings van Wet 46 van 2000 aanstel. Die ontwerp moet aan die Direkteur: Siviele Ingenieursdienste vir goedkeuring voorgelê word waarna die konstruksiewerk onder die toesig van die ingenieur uitgevoer moet word.

C5.3 Vaste Kapitaalbydraes

	Fase 1	Fase 2
Stormwater	R 342 090.00	R 228 060.00

7.15(C5.3)/...

Vaste kapitaalbydraes is aftrekbaar vir die retensiestruktuur voor die inlaat van die kanaal soos bo vermeld in C4.2.

C6 PARKE

- (a) dat 'n landskaperingsplan van 'n toepaslik gekwalifiseerde tuinboukundige aan die Direkteur: Siviele Ingenieursdienste vir goedkeuring voorgelê word en dat daar uitvoering aan die goedgekeurde plan ooreenkomstig die fases gegee word;

C7 ALGEMEEN T.O.V. SIVIELE DIENSTE

- (a) dat indien die uitbreiding van enige bestaande dienste nodig sou wees om die ontwikkeling van dienste te kan voorsien, dit vir die koste van die ontwikkelaar sal wees;
- (b) dat die kapitaalbydraes bereken is volgens die 2014/2015 "green fields" bydraes vir Malmesbury volgens die toepaslike kategorie en nie verminder met die 50% afslag nie. Kapitaalbydraes kan afgetrek word van die koste van die eksterne dienste wat reeds deur die ontwikkelaar aangebring is. Vir onderhandeling hieroor moet die ontwikkelaar skakel met die Direkteur: Siviele Ingenieursdienste;
- (c) dat indien die Direkteur: Siviele Ingenieursdienste van mening is dat enige van die ingenieursondersoeke wat op hierdie aansoek betrekking het nie meer toepaslik is nie of dat die aanbevelings van die ingenieursondersoeke nie meer uitvoerbaar is nie, nuwe ondersoek vir die koste van die ontwikkelaar aangevra sal word en die aanbevelings ooreenkomstig implementeer sal word;

C8 ELEKTRISITEIT

- (a) dat 'n ECSA geregistreerde professionele elektriese raadgewende ingenieur deur die ontwikkelaar aangestel moet word vir die ontwerp en toesighouding oor konstruksie van die interne en eksterne elektriese infrastruktuur en straat/area verligting vir die Swartland Streekwinkelsentrum;
- (b) dat die ontwerp en konstruksie van die interne en eksterne elektriese infrastruktuur aan die spesifikasies en vereistes soos goedgekeur deur die Departement van Elektriese Ingenieursdienste van Swartland Munisipaliteit moet voldoen;
- (c) dat die ontwikkelaar moet 'n goedgekeurde elektriese kontrakteur aanstel vir installering van die eksterne elektriese toevoer wat voorsiening moet maak vir 'n ferm 11KV ondergrondse toevoer vanaf die bestaande stroombrekers in die Klipfontein Streek-Substasie na 'n nuwe binnehuise skakelsubstasie toegerus met stroombrekers, vir elke toevoer, vir elke ringvoerder, geleistamkoppelaar en vir 'n toekomstige stroombaan na die Klipfontein ontwikkeling. Die totale koste vir die eksterne elektriese toevoer is vir die rekening van die ontwikkelaar maar kan afgespeel word teen die greenfields kapitaal bydrae vir elektrisiteit tot uitwissing;
- (d) dat elke afsonderlike gebou van die Swartland Streekwinkelsentrum van 'n elektrisiteitsmeter voorsien moet word en die eksterne en interne elektriese infrastruktuur sal na voltooiing en aanvaarding oorgeneem word deur Swartland Munisipaliteit tot en met die afsonderlike meteringspunte. Die totale koste vir die interne elektriese infrastruktuur wat oorgeneem word deur Swartland Munisipaliteit sal vir die rekening van die ontwikkelaar wees;
- (e) dat die area en straatverligting vir die rekening van die ontwikkelaar sal wees en slegs straatligte wat voldoen aan die spesifikasies van die Departement van Elektriese Ingenieursdienste sal oorgeneem word;
- (f) dat Swartland Munisipaliteit slegs verantwoordelikheid sal aanvaar vir die instandhouding en bedryf van die elektriese infrastruktuur en straatligte na aanvaarding en oorname;

7.15/...

C9 SANRAL

Dat Swartland Munisipaliteit in samewerking met die ontwikkelaar van die Swartland Streekswinkelsentrum verantwoordelikheid aanvaar vir die volgende:

- *die voorsiening van ander wandelpaaie vereis buite die N7 padreserwe;*
- *die voorsiening van straatligte langs Bokomoweg, asook die glybaan wandelpad wat grootliks persoonlike veiligheid van voetgangers sal bewerkstellig;*
- *die voorsiening van 'n toegewyde pendelaarsdiens vir werknemers tussen hul woongebied en die voorgestelde Swartland Streekswinkelsentrum;*
- *die afskop van 'n pad veiligheid veldtog in samewerking met SANRAL en die Provinsiale Verkeersdienste, asook die afskop van 'n inligtingsveldtog om geïnteresseerde en affekteerde partye in te lig;*
- *die voorsiening van die nodige planne en toesig vir die uitvoering van die werke soos bo gelys, tesame met 'n kostebepaling. Die kosteverdeling tussen Swartland Munisipaliteit en die ontwikkelaar moet geskik word tussen die partye;*

C10 DEPARTEMENT VAN OMGEWINGSAKE EN ONTWIKKELINGS-BEPLANNING

- (a) dat daar voldoen word aan die omgewingsgoedkeuring van die Departement van Omgewingsake en Ontwikkelingsbeplanning gedateer Mei 2013 met verwysingsnommer WCA11/2/2/1 M3/6/5 (skrywe gemerk "I");

C11 DEPARTEMENT VAN VERVOER EN OPENBARE WERKE

- (a) dat daar voldoen word aan die voorwaardes van die Departement van Vervoer en Openbare Werke se skrywe gedateer 10 Augustus 2010 met verwysing 13/3/5/1-26/147 (Job 178612) (skrywe gemerk "K");

C12 DEPARTMENT VAN LANDBOU

- (a) dat daar voldoen word aan die voorwaardes van die Departement Landbou se skrywe gedateer 26 Maart 2010 met verwysing 20/9/2/2/5/250 (skrywe gemerk "L");
- (b) dat die goedkeuring van die Nasionale Departement van Landbou, rakende Wet 70 van 1970 vir die onderverdeling van plaas Tweefontein no. 696, Afdeling Malmesbury bekom word, alvorens enige okkupasie van grond, konstruksie en /of uitklaring kan geskied.

7.16 WYSIGING VAN UITLEG: VOORGESTELDE HERSONERING EN ONDERVERDELING VAN ERF 1133, MOORREESBURG (15/3/3-9/04, 15/3/6-9/07) (WYK 2)

Die hersonering en onderverdeling van erf 1133, Moorreesburg is op 14 Augustus 2013 goedgekeur.

'n Faseringsplan wat die ontwikkeling in vier fases verdeel is per skrywe gedateer 31 Januarie 2014 aanvaar.

'n Versoek is ontvang vir die wysiging van die onderverdelings- en faseringsplan om die aantal nywerheidsere vanaf 71 na 59 te verminder, 1 sakesone 4/nywerheidsone 2 erf, 3 publieke oopruimtes en paaie te skep. Die aantal fases vermeerder vanaf vier na vyf.

7.16/...

Die wysigings van die onderverdelingsplan behels die wysiging van fases 1 en 2 ten einde 13 erwe te vervang met 1 erf met 'n gedeelde sonering van nywerheidsone 2 en sakesone 4, asook 'n verdere fase vir die skep van 'n 16m toegangspad as fase 2.

BESLUIT

Dat die aansoek vir die wysiging van die Raadsbesluit gedateer 14 Augustus 2013, soos gewysig op 6 Desember 2013, rakende die hersonering en onderverdeling van erf 1133, Moorreesburg ingevolge artikel 42(2)(a) van Ordonnansie 15 van 1985, goedgekeur word, soos volg:

- A Dat die aansoek vir die hersonering van 'n gedeelte 1 van erf 1133, Moorreesburg (groot ±25,46ha) ingevolge artikel 16(1) van Ordonnansie 15 van 1985 vanaf nywerheidsone na onderverdelingsgebied, asook die onderverdeling daarvan ingevolge artikel 25(1) van Ordonnansie 15 van 1985 ten einde 59 nywerheidsone 2 erwe, 1 erf met 'n gedeelde sonering van nywerheidsone 2 en sakesone 4, 3 oopruimtes en paaie te skep, goedgekeur word;
- B Dat die aansoek vir die onderverdeling van erf 1133, Moorreesburg in twee gedeeltes, naamlik die restant (groot ±18,68ha) en gedeelte 1 (groot 25,46ha) ingevolge artikel 25(1) van Ordonnansie 15 van 1985 goedgekeur word;
- C Dat die goedkeuringsvoorwaardes soos opgelê met die Raadsbesluit gedateer 14 Augustus 2013, soos gewysig op 6 Desember 2013, onveranderd bly.

7.17 N7/BOKOMOWEG/DARLINGWEG OPGRADERING (MR 224)

Die Uitvoerende Burgemeester bedank die Munisipale Bestuurder vir sy volgehoue aandag aan die saak en druk wat op Provinsie uitgeoefen is om die onderneming m.b.t. die befondsing van die projek betyds te verkry.

BESLUIT

- (a) Dat daar kennis geneem word van die opgradering en verdubbeling van die N7/Bokomoweg/Darlingweg wisselaar (MR 224) ten bedrae van R78 638 000 miljoen, welke bedrag gebaseer is op 'n reeds aanvaarde tender deur SANRAL;
- (b) Dat daar kennis geneem word dat die uitgawes vir genoemde konstruksie op 'n 50/50 basis (SANRAL en Swartland Munisipaliteit) gedoen word, onderhewig daaraan dan Swartland Munisipaliteit aangedring het op skriftelike bevestiging vanaf die Provinsiale Departement van Publieke Werke en Vervoer om Swartland Munisipaliteit se 50% te rugsteun met 'n finansiële bydrae van 80% - gebaseer op die 80/20 beginsel, en dat bogemelde departement per skrywe 16/9/7/2/1-26 gedateer 28 Januarie 2015 dienooreenkomstig bevestig het;
- (c) Dat daar kennis geneem word dat voormelde skriftelike bevestiging deur die provinsie "ge-DORA" sal word in Februarie/Maart 2015, waarna 'n ooreenkoms tussen Swartland Munisipaliteit en die departement gesluit sal word op die 80/20 basis ten aansien van die kollektiewe bydrae van 50%.
- (d) Dat daar kennis geneem word dat Swartland Munisipaliteit se bydrae, synde 10% van R78 638 000 mil as volg begroot sal word:

2015/2016	:	R2 775 459 mil
2016/2017	:	R2 775 459 mil
2017/2018	:	<u>R2 312 882 mil</u>
Totaal		<u>R7 863 800 mil</u>

7.17/...

- (e) Dat volmag aan die Munisipale Bestuurder verleen word om die ooreenkoms met SANRAL te onderteken ingevolge die bestaande gedelegeerde bevoegdheid.

7.18 PETISIE ONTVANG OP SATERDAG, 7 FEBRUARIE 2015 VANAF DIE ABBOTSDALE GEMEENSKAPSONTWIKKELINGSFORUM (14/2/1/1)

Die verslag tot die sakelys m.b.t. tot die petisie ontvang vanaf die Abbotsdale Gemeenskapontwikkelingsforum bevat 'n opsomming met breedvoerige kommentaar aangaande die eise van die gemeenskap.

BESLUIT

- (a) Dat daar kennis geneem word van die inhoud van die petisie wat op 7 Februarie 2015 vanaf die Abbotsdale Gemeenskapontwikkelingsforum (AGOF) ontvang is, sowel as die kommentaar op die versoeke;
- (b) Dat die AGOF voorsien word van die kommentaar soos gemeld word in die verslag en uitgenooi word om enige van die sake met die onderskeie munisipale departemente te bespreek, sou daar enige onduidelikhede wees;
- (c) Dat SAPS (Malmesbury) in kennis gestel word van die verhoë wat deur die AGOF gerig is, ten aansien van sigbare polisiëring en versoek word om aan die versoek te voldoen.

**(GET) T VAN ESSEN
UITVOERENDE BURGEMEESTER**